*Woensdag* **25 Februarie**
**Skrifgedeelte: Genesis 3:1-15**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:14, 15**
**Eerste evangelie – moederbelofte**

Opstand teen God. Losskeur van God. Wegvlug vir God. Dit is wat sonde is. Die mens is geskep om God se bondgenoot te wees. Uit sy eie vrye wil het hy God se vyand en bondgenoot van die duiwel geword. Die bitter gevolg is die dood – tydelik sowel as ewig. Buite God is daar immers geen lewe nie.

En dan doen God wat net Hy kan doen. Ons goeie God het die mens weer opgesoek. Hy het gesien dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp het. Hy ken die plek waar die mens al bewende voor Hom weggevlug het. God roep die mens ter verantwoording. Waar is jy? Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? Man en Mannin moet pa staan vir hulle opstand teen God. Hulle kan nie. Hulle doen ook nie. Hulle wys vinger en gooi klippe. Tipies van die sondige mens. Soek die fout orals elders behalwe by jouself.

En God? In sy uitnemende wysheid en goedheid bring God heling waar die mens breek. God maak ’n belofte. Dit word die moederbelofte genoem, moeder van alle beloftes. Dit staan ook bekend as die proto-evangelie. Proto-evangelie, eerste evangelie. Dit is ’n evangelie met ’n ryk inhoud. Die mens moet die ewige dood sterf vanweë sy val in sonde. God kondig lewe aan. Nuwe lewe. En hoe!

Mannin kry ’n naam: Eva, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe. Uit haar saad kom dié Saad, Christus. In Hom is daar lewe. Maar dit is lewe waarvoor duur betaal word. God stel vyandskap tussen die saad van Eva en die saad van die slang. ’n Verskriklike stryd breek los. Die verloop van die oorlog staan dwarsdeur die Skrif opgeteken. Eva se Saad sal die kop van Satan die slang vermorsel. Maar Satan sal Hom eers in die hakskeen byt. Daardie byt in die hakskeen is ook ’n vermorseling. Die vyandskap, wat God in die moederbelofte aankondig, is tot die dood toe. Dit sien ons op Golgota.

Die uitkoms is oneindig troosvol. Christus oorwin. In Christus word God se gevalle, ontroue bondgenoot weer ’n getroue bondgenoot. Maar in dieselfde asem: God se verbondsgenote is vyande van Satan en sy saad. Daardie vyandskap duur voort tot op die dag van Christus se wederkoms. Kinders van